# 'N AFRIKANER-GRONDWET.

Die sentrale feit in die geskiedenis van Suid-Afrika is die ontstaan en groei van 'n nuwe nasie met sy eie godsdiens, taal, bloedverwantskap, tradisie en staatsideaal. Nie by alle Afrikaners egter is hierdie eienskappe in dieselfde graad aangetref nie, en soms het daar van die eienskappe heeltemal ontbreek. Dit geld veral vir die laaste—die staatsideaal—, met die gevolg dat daar in die begin van die 19de eeu duidelik twee hoofrigtinge in die wordende Afrikanerdom aan die lig kom: die rigting van Republikanisme en die rigting van Kolonialisme.

Die rigting van Republikanisme het vergestalting gevind in die Groot Trek, wat in die begin sekere kenmerke van 'n politieke, en daarby Republikeinse, party vertoon. Immers, uit 'n formeel-wetlike oogpunt beskou, was die Voortrekkers aanvanklik nog Britse onderdane. Met verloop van tyd het die beweging egter sy partyhoedanighede verloor en gekristalliseer in die Republikeinse state van die Noorde. Hierteenoor was daar die rigting van Kolonialisme, waarin lojaliteit aan die vreemde,

Britse, owerheid die vernaamste element was, en wat gekristalliseer het in die Afrikanerbond. Soos wat dus die Republikeinse state die politieke organisasies van die Afrikanerdom in die rigting van de Republikanisme was, so was die Afrikanerbond die politieke organisasie van die Afrikanerdom in die rigting van Kolonialisme.

Dis egter opmerklik dat daar ten spyte van die twee rigtinge, wat mettertyd duidelik 'n „verdeelde" Afrikanerdom gekenmerk het, 'n dieperliggende *eenheid* was. Die verdeeldheid het slegs bestaan binne die perke van Afrikanerskap, wat onvernietigbaar was in die bande van taal, godsdiens, bloedverwantskap, en mettertyd ook van tradisie. Die verdeeldheid was eintlik 'n staatkundige verdeeldheid. Maar selfs hier was daar in die diepte van die Afrikanersiel 'n aansluiting, sodat ook baie Koloniale Afrikaners die handhawing van die Republieke in die Noorde beskou het as die handhawing van die state, nie slegs van die Noordelike Afrikaners nie, maar van die Afrikanerdom as 'n geheel. ***Daar was iets in werking wat ons kan noem die Grondwet van die Organiese Eenheid van die Afrikanerdom,*** d.w.s. 'n wet waardeur die Afrikanerdom nie 'n sameraapsel was van almal wat hulle in Suid-Afrika gevestig het nie, maar 'n eenheid wat saamgebind is deur sy bande van godsdiens, taal, bloedverwantskap en 'n tradisie wat steeds voller en roemryker word. Pragtig kom die werking van hierdie Grondwet aan die lig in die woorde van 'n aantal Heilbronners wat in 1881. hul „Transvaalse broeders" wou gaan help en verklaar: „de grond met ons bloed bevochtigende, zullen wij een grondwet doen geboren worden . . ," en in 1896 in 'n inleidingsartikel van *Ons Land*, waarin hy verklaar en bewys dat die Jameson-inval „een electrischen schok naar 't nationale hart" van die Afrikanerdom as 'n eenheid gestuur het.

Die geskiedenis van die Afrikanerbond is dan ook die geskiedenis van 'n groep Afrikaners, wat aan die een kant gebind word deur die bande van 'n vreemde staat en lojaliteit aan daardie staat, grotendeels uit verwronge godsdienstige, maar ook wel uit ekonomiese oorwegings; en aan die ander kant deur die Grondwet van die Organiese Eenheid van die Afrikanerdom. Dit kom reeds aan die lig in die Boere-beskermingsvereniging wat die heer J. H. Hofmeyr in 1878 gestig het, want, hoewel die organisasie beoog het om 'n suiwer ekonomiese party te wees, het die taal-band hom spoedig daarin laat geld en onder aansporing van oom Daantjie van den Heever van Burgersdorp, het die Boerebeskermingsvereniging hom ook beywer vir die taalregte van die Afrikaner, en het dit van 'n ekonomies-politieke party verander tot 'n nasionaal-politieke party.

Maar nog meer het hierdie Grondwet hom laat geld in die stigting van die Afrikanerbond deur ds. S. J. du Toit deur middel van *Die Afrikaanse Patriot,* want die fundamentele stelling van *Die Patriot* was dat die ganse Afrikanerdom één is, van Tafelberg „tot ver in die Transvaal." Die Afrikanerbond wou dan ook die hele Afrikanerdom insluit en daar is takke selfs in die Republiek gestig. Bowedien het die Du Toits (ds. S. J. du Toit en die heer D. F. du Toit, bekend as „Oom Lokomotief") die ideaal bepleit van 'n Verenigde Suid-Afrika „onder eie vlag," waarin ook die eie staatsideaal van die Afrikanerdom opgesluit was. Toe die Afrikanerbond en die Boerebeskermingsvereniging in 1882 en 1883 onder leiding van die heer Hofmeyr verenig is, is die verwesenliking van 'n verenigde Suid-Afrika as „bestemming" uitdruklik aanvaar, en dat dit „onder eie vlag" moes wees is as só vanselfsprekend beskou, hoewel tegelyk hinderlik met die oog op verkiesings, dat dit in die konstitusie van die verenigde Afrikanerorganisasie verswyg is. Ook uit verklarings van die heer Hofmeyr in dié tyd blyk dit dat hy die uiteindelike onafhanklikheid van Suid-Afrika tegemoetgesien het.

Maar spoedig daarná het die verenigde organisasie méér en meer teruggeval in die rigting van Kolonialisme. Aan lojaliteitsbetuigings het dit op die kongresse nie ontbreek nie. 'n Ekonomiese depressie, wat omstreeks 1887-88 sy laagwatermerk bereik het, en in verband daarmee die vraagstuk van spoorweë en tolregte, het aan Eerste Ministers soos Sprigg en Rhodes 'n gunstige geleentheid gebied om die Afrikanerbond teen die Republieke in die harnas te jaag. Die heer Hofmeyr het openlik 'n Tolverbond bepleit as voorloper van die ewentuele inskakeling van die Republieke in die Britse Ryk. Die warm Republikeinse „Express" van Bloemfontein het dan ook in 1887 die situasie as volg aangedui: „In Indië vangt men wilde olifanten door een makker olifant tusschen de wilde broeders te jagen. De makke olifant brengt zijn wilde broeders binnen het bereik der jagers. Zoo iets gebeurt ook thans in Zuid Afrika. De tamme Koloniale olifant wordt gebruikt om den Republikeinschen olifant binnen het bereik van den jager te brengen. Maar wie krijgt de buit—de tanden—het kostbare ivoor?"

Dit was inderdaad die posisie: die jagter, wat in 1877 die Transvaal geannekseer het en in 1881 op Majuba die nederlaag gely het, was nog steeds op die uitkyk; „British Supremacy" is twee woorde wat maar gedurig in die Engelse koerante van die tydperk 1881-1899 voorkom, totdat in 1898 die algemene verkiesing in die Kaapkolonie oor daardie twee woorde gegaan het, en van 1899-1902 die Anglo-Boereoorlog daaroor gevoer is.

Die jagter was bowedien in 'n besonder gunstige posisie deur 'n merkwaardige koalisie-metode van die heer Hofmeyr, wat verkies het om self nie die verantwoordelikheid op hom te neem om 'n ministerie te vorm nie, maar liewers 'n Engelse Premier te steun, onder die verstandhouding dat die Engelse Premier daar is alleen deur die steun van die Bond en dus ook die Bond tegemoet moes kom. Hoe die Engelse Premiers die saak beskou het, kom duidelik uit in 'n toespraak wat die heer Sprigg in 1888 voor sy kiesers in Oos-Londen gehou het; om 'n toenemende wantroue in sy posisie weg te neem, moes hy hulle verseker: "It is our desire to proceed peacefully, step by step, and whenever an opportunity offers for extending through the Colonial Government and Parliament British supremacy in South Africa we shall avail ourselves of that opportunity . ."

Deur sy steun-metode kon die heer Hofmeyr wel invloed uitoefen op sy Premiers, maar ook hulle kon invloed op hom en op sy volgelinge uitoefen. Dit geld veral vir die Rhodes-bewind, want Cecil Rhodes het die kuns verstaan om deur sy nederige omgang met Afrikaners en innemende persoonlikheid hul vriendskap te wen, terwyl hy ook Masjonaland aan hulle voorgehou het as 'n nuwe Kanaän vir hul nageslag. Op Kimberley het hy in 1891 die Bondskongres-afgevaardigdes toegespreek, pas nadat hy uit Engeland teruggekeer het, waar hy, volgens sy toespraak, die voorreg van 'n maaltyd saam met Koningin Victoria geniet het; in hierdie toespraak het hy openlik verklaar dat "if I had my wish I would abolish that system of independent states antagonistic to ourselves south of the Zambesi." En tog is Rhodes ná hierdie toespraak deur „Onze Jan" by die afgevaardigdes aanbeveel as 'n groter Bondsman dan nege-tiendes van die Bond!

Maar die Grondwet van die Organiese Eenheid van die Afrikanerdom was onvernietigbaar, en toe enkele jare daarna die Jameson-inval 'n „electrischen schok" deur die Afrikanerdom gestuur het, het *Ons Land* aan die reaksie uiting gegee in woorde wat getintel het van Afrikaner-nasionalisme. Dit was waar, het hy gesê, „dat wij deze adder (Rhodes) in onzen boezem hadden gekoesterd en groot gemaakt," maar „die Voorzienigheid, die in ons nationaal Bondsprogramma de levende rots is waarop ons nationaal bestaan vroom en hecht gebouwd is, slaapt of sluimert niet. Achter de intriges en beginsellooze knoeierijen der politieke fortuinzoekers en vrijheidsverraders werkt die macht in het nationaal bewustzijn; en wanneer de stem van den verrader en knoeier het luidst is, zal het volk den slaap van zich afschudden en in zijne macht opstaan," en pleit hy „dat wij ons allen onder de banier van een zuiwer Afrikanerisme moeten scharen en niet langer in onze innerlike verdeeldheid een prooi van beginsellooze fortuinzoekers blijven" en om „met het oog van

broederschap en staatsmanschap de staatsgrenzen te overzien en te erkennen dat in eendracht onze macht en behoud gewaarborgd zijn;" hy verseker: „Het bloed van den Voortrekker is hetzelfde als dat van den achtergeblevene. Zoo lang het spoor van den Voortrekker niet verdwijnt, zullen ook de banden die elk deel van ons volk aan elkaar verbinden, sterker en duurzamer zijn dan de grenzen die ons verdelen. En zoolang onze Afrikaner staatsmanschap zich aan dat spoor getrouw houdt, is het machtige voortbestaan, zoo al niet de vreedzame overwinning, van het Afrikanerdom gewaarborgd."

So is die Afrikanerdom op sy Grondwet „herenig," en dit sal opgemerk word dat dié hereniging plaasgevind het in die rigting van die Republikanisme, op „het spoor van den Voortrekker." Die Afrikanerdom was „verdeeld" solank as wat daar twee rigtinge bestaan het, die van Kolonialisme en die van Republikanisme: hereniging kon alleen kom in dié rigting waarin die Afrikanerdom aan sy roeping en bestemming beantwoord het, om nl. by sy bande van 'n eie godsdiens, taal, bloedverwantskap en tradisie ook 'n eie staatsband te besit.

As ons hierdie merkwaardige verskynsel verder ontleed, blyk dit dat *hereniging alleen kon plaasvind in die rigting van die Konserwatiewe, Calvinistiese grondbeginsel van die Afrikanerdom met sy „soewereiniteit in eie kring,"* as 'n soewereiniteit wat afgelei is van die soewereiniteit van God, die Skepper van die nasies—in de rigting van „die Voorzienigheid" wat nie slaap of sluimer nie en wat werk „in het nationaal bewustzijn"; en nié in die rigting van die Liberale beginsel wat die soewereiniteit vind in die volksmassa nie. Trouens, die verdeeldheid het juis daarin bestaan, dat die Liberale beginsel met sy wyer volksidee veld gewen het, totdat selfs 'n Thomas Smartt (in 1893) 'n „geestdriftige Bondsman" was—want die Liberale beginsel het 'n *meganiserende* strekking. Namate die Liberale beginsel veld gewen het, was die Afrikanerdom gedeeltelik geneutraliseerd en verlam t.o.v. sy roeping en bestemming, om 'n nasie te wees met sy eie staat, en gevolglik verdeeld. En namate die Konserwatiewe beginsel, wat 'n *organiserende* uitwerking het, veld gewen het, is die Afrikanerdom herenig. Dit kan mens verstaan, want die Konserwatiewe, Calvinistiese beginsel van die organiese samelewingskringe sluit aan by, of is deel van, die *feit* dat die Afrikanerdom 'n organiese eenheid *is,* d.w.s. die Grondwet van die Organiese Eenheid van die Afrikanerdom. Alleen op daardie Grondwet was dit moontlik om die *Afrikanerdom* te herenig, want alleen op daardie Grondwet, deur God self aan hom ten grondslag geskep, kon hy as 'n *Afrikanerdom* bestaan.

J. ALBERT COETZEE.

Oos Londen.